JULIE 2009 Jg/Vol 17.2

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

HYG-HYG DEUR PERU

Molly Smit

Susan Pyke by Inti Punku net na sonsopkoms

Machu Picchu later die oggend in al sy glorie

Ek het heel dwaas ingestem om 'n "uitstappie" na die Inka Voetslaanpad in Peru te reël. Baie dwaas het ek beloof dit sal heel goedkoop wees. Ek het al 'n paar keer **klein** groepies van so vier tot ses mense heel suksesvol na buitelandse wildernisse geneem sonder om vooraf enigiets behalwe die vliegkaartjies te bespreek. Die gevolg was baie goedkoop toere van tot ses weke omdat allerlei middelmanne uitgeskakel word en mens na aankoms verblyf opspoor wat baie goedkoper is as reisagente se siening van "ekonomies". Ek het egter nie kans gesien om met die Afdeling Vrystaat lukraak in Peru op te daag nie, veral aangesien getalle op die voetslaanpad deesdae streng beheer en gereguleer word om uitbuiting van die omgewing en die draers te voorkom. Dit is dus nie meer so maklik om net op te daag, plaaslik 'n paar draers te organiseer, 'n permit te bekom en te begin stap nie. Dit het die kostes heelwat opgeskuif teen wat dit in die goeie ou dae was. Toe skuif SAL vlugkoste na Sao Paulo aansienlik op en skaf groepsafslagte af. Om alles te kroon, stort alles wat met finansies te doen het, terselfdertyd dwarsoor die wêreld in duie. Plaas dat die voornemende deelnemers my toe prys vir 'n ekonomiese toer, is dit toe 'n geween en gekners van tande omdat "jy vir ons 'n goedkoop toer beloof het en nou is dit so duur dat ons dit nie kan bekostig nie." Dit nadat ek die aanvanklike kwotasie doelbewus met R 3 000-00 vermeerder het vir ingeval. Laasgenoemde strategie het selfs nie die uiteindelike styging in SAL se vlugkoste gedek nie.

Uiteindelik het 16 ryk kapitaliste op 4 Mei veilig in Lima, Peru geland. En almal het toe nog met goeie gesondheid afgeklim ten spyte van die dreigende varkgriep en tot die teleurstelling van 'n horde gemaskerde, gemantelde en gemussiede gesondheidswerkers wat ons oral behalwe op Oliver Tambo op lughawens wantrouig en teleurgesteld ingewag het. Op Lima lughawe is ons ingewag deur Kike, ons bekwame toerleier wat 'n ware aanwins was.

Ons is van Lima per vliegtuig na Juliaca en van daar per bus na Puno op die oewer van die Titicacameer (3 827 m). 'n Besoek aan die pragtige meer is gedoen ter wille van akklimatisering. Die volgende oggend word ons per driewiel na die hawe vervoer vir 'n boottoer na die eilande. Die eerste stop is Taquile Eiland waar ons op 'n uitasem staptoer gaan. Peter Pyke is die eerste ongeval toe hy kort na aankoms flou word. Na middagete vertrek ons na Amantani waar ons deur 'n groep vrouens in pragtige etniese drag ingewag word. Hulle was ons gasvrouens vir tuisverblyf in agt huise. Maar op ons uitasem pad na ons huise slaan Frances Taylor flou neer. Peter se geval was redelik onopgemerk en gou verby. Frances s'n was ooglopend en 'n seën want sy is gewoonlik lekker lank flou en ons kon ons asems herwin terwyl die eiland se vrouens spartel om haar by te kry. Dankie, Frances. My en Ansa se familie het, soos al die ander s'n, ons baie goed behandel. Toe dit donker word, is ons uitgedos in hul tradisionele drag

en het ons (eintlik ek) met hygende asems bult-op gegaan vir ’n partytjie in ’n saal. ’n Indiane orkes met panfluite, blokfluit, tromme, ghitare en bekfluitjie het die musiek gemaak. Nico Combrink was die sensasie van die aand. Die plaaslike meisies en vrouens het lustig op hom toegesak en hy was nie een dans met rus gelaat nie. Hy het hom met kenmerkende waardigheid en onooglopende genot van sy taak gekwyt.

Die volgende oggend het die vrouens, na hulle vir ons lekker onbyt gemaak het, hul gaste na die boot geneem, weereens in pragtige tradisionele drag. Gelukkig was dit afdraand. Na ’n hartlike afskeid het ons families vir ons gewaai terwyl ons wegvaar na verdere avonture. Ons laaste besoek was aan een van die drywende eilande van Uros. Dit was baie toeristies maar tog ’n belewenis om op ’n mensgemaakte eiland alles en nog wat te beleef. Ons bring die nag in Puno deur. Die groep woon ’n etniese aand by. Toe, die volgende oggend, is ons per bus na Cusco via ‘n pragtige berglandskap. Ons besoek by Raqchi die meer as 600 jaar oue ruïne van Wiracocha se paleis met heelwat bouvalle van huise en bergplekke vir kos. By die hoogste spits op ons roete, La Raya (4313 m) stop ons by die waterskeiding tussen die Atlantiese en Stille Oseane en doen inkopies. By die tolhek van die Inka, Rayanllaqta, skrik ek my moedeloos toe Kike my vertel dat die onmoontlike hoë trappies daar tipies is van wat ek op die voetslaanpad te wagte kan wees.

In Cusco oornag ons in die San Blas gebied. Peter Pyke se toestand begin verswak. Ons vertrek na Pisac waar ons op ’n moeisame en uitasem staptog van die ruïnes in ’n pragtige berglandskap gaan en ook die plaaslike mark besoek. By Ollantaytambo is daar nog ’n klimtog na bouvalle en nog ’n groot mark met pragtige items. Na ’n nag by Ollantaytambo het Peter se toestand steeds nie verbeter nie en hy besluit om liefs nie saam met ons te stap nie. Hy het ry saam tot by ons beginpunt by km 82, keer terug na Cusco en lê uiteindelik lekker rustig daar in ’n hospitaal met longontsteking en uitrus terwyl ons op die staproete swaarkry.

My herinneringe aan die staproete is vaag. Ek onthou trappies, trappies, trappies, hygende asem, hygende asem, hygende asem. Dankie tog vir draers. Ons sien die ou Inka bouvalle van Qentimarka ver onder en besoek die gevorderde gerestoureerde Willkarakay. Vir middagete stop ons by Tarayoq waar ‘n skotteltjie warm water vir handwas en genoeg suiwer drinkwater vir elkeen wag. Ons eet in ’n tent by ’n lang tafel met voustoeltjies. Ons het deurentyd koninklike behandeling gekry. Die kos was volop, smaaklik en keurig berei. Ons oornag die eerste nag in ’n kamp omring met wonderlike pieke waarvan sommige met sneeu bedek is.

Die tweede dag word Elsa Combrink by die eerste rusplek siek en draai om. Teen die steil Dead Woman’s Pass begin dit reën. Frances en haar reënmantel verstaan mekaar nie juis nie en veroorsaak bietjie opgeruimdheid. Ek onthou nou baie min van die stappery (moes my afgeskakel het omdat dit regtig nie lekker was nie) en lees in my dagboek dat dit later ’n lang ruk ook gehael het en dat ons in ’n baie nat en glibberige omgewing oor die hoogste bult vir die dag is. In my dagboek spreek ek ook my dank, waardering en liefde vir my twee stapstokke uit. Ook vir die sittoilette en stort naby ons kamp wat ons laat die middag bereik. Ons word met heerlike verversings saam met die koffie bederf.

Die volgende dag beskryf my dagboek as baie lank en harde werk met geweldig baie trappe. Ek onthou min daarvan of dat dit een of ander tyd gereën het. Ek onthou wel dat ons deur ’n tonnel gestap het wat deur die Inkas gemaak is en dat ons waterwerke aanskou het wat ook die Inkas se werk was. Ek onthou ook die pragtige natuur, woud en plante. Daardie deel van die paadjie was groot dele lekker. En ek onthou dat ek die aand nie vir eet lus was nie en in my tent gebly het. Van rus was daar egter nie juis sprake nie want ek moes koeverte vul met fooitjies vir 17 draers, ’n gids, hulpgids, kok, ens. Nico het dit na ete oorhandig: die volgende oggend om 05:00 vertrek ons draers en daar sal nie tyd vir formaliteite wees nie. Die wonderlike kok hoor dat ek te moeg is vir die ete en bring vir my heerlike driegang kos waarvoor ek geen aptyt het nie, na die tent.

Miljuisende trappe, af en af…

Die laaste oggend staan ons om 04:00 op en kry kospakkies vir middagete. Ons begin in die donker met ’n spoed stap om betyds by die Sonhek (Inti Punku) vir die sonsopkoms teen so 06:00 te wees. Sommige trappies is hoër as my bene van die knieë ondertoe. Party mense klim dit handeviervoet uit. Dit was werklik pragtig om Machu Picchu van bo af te sien met die skadu’s wat stelselmatig wyk. ’n Paar van ons is vodde toe ons Machu Picchu bereik waar ’n heerlik uitgeruste Elsa ons inwag. Maar die ruïnes bly vir my wonderlik al is dit my derde en waarskynlik laaste besoek. Heelwat restourasie is sedert my en Ansa se laaste besoek in 1991 gedoen. Net jammer dat die aantal besoekers “honderdevoudig” toegeneem het. Ansa en Nico sien kans om die steil Huyana Picchu uit te klim. Toemaar, geniet dit: julle sal ook nog so oud soos ek word.

Bo-op die spits van Huyana Picchu

Ons gaan per bus af na Aguas Calientes onder in die vallei langs die Urubambarivier vir ons treinrit na Cusco. Die plek het onherkenbaar verander. Voorheen was daar net ’n paar pondokke en tafels waarvandaan inwoners plaaslike produkte probeer verkoop het. Nou is dit toegebou en baie toeristies. Laat die middag is ons met ’n panoramiese toeristetrein terug na Ollantaytambo. Daar is ook primitiewer stadige treine vir die plaaslike mense en ’n geriefliker vinnige een vir rugsakreisigers beskikbaar. Laasgenoemdes is veel goedkoper as ons trein. Maar ons word getrakteer op ‘n ou wat met ‘n masker dans, ‘n alpakkamodeparade, ’n inkopietrollie en ’n piekniekete. By Ollantaytambo klim ons oor in ’n bus en eindig by Cusco in dieselfde Tika Wazi Hostel waar ons voorheen geslaap het.

Ons het ’n dag in Cusco om te maak soos ons wil. Naby sononder besoek ons silwersmede waar sommige mense van heelwat kontant afskeid neem. Die volgende oggend word ons herenig met Peter Pyke. Ons vlieg na Puerto Maldonado in die Amasone en eindig na ’n busrit op ’n gemotoriseerde kano waarop ons baie mooi stil moet sit of die ding gooi ons in die breë Tambopata Rivier met sy gulsige piranhas. Ons sien ‘n paar waterskilpaaie. Gelukkig kom ons droog en veilig by ons bestemming in die pragtige Amazonas Lodge. Alles is van hout. Nêrens is deure nie, wel gordyntjies wat redelik hoog bokant die vloere ophou. Die een muur van ons kamer ontbreek sodat mens ‘n mooi uitsig op die omringende woud het. Mens hoor al die woudgeluide. Jy hoor ook wat vind in die aangrensende kamers en badkamers plaas. My en Ansa se kamer het om een of ander rede nie ’n hangmat soos die ander nie. Ook maar beter so anders het ons dalk baklei. Ons mag nie skoene dra nie om die vloere netjies te hou. Rina van der Merwe is olik tydens ons verblyf daar en bring haar volle besoek in die bed deur.

Ons gaan stap met waterstewels in die woud, sien allerlei interessanthede en klim ’n 37 meter uitkyktoring vanwaar ons oor die bome kyk. Die volgende oggend staan ons om 04:00 op en vertrek per kano na die oorkant van die rivier waar ons na ’n kort staptog in die woud by ’n meer op ’n vlot klim. Al varende bekyk ons voëls, sien ’n kaaiman en toe begin dit reën en die wind waai so sterk dat dit nie moontlik is om terug te gaan nie. Ons skipper kry wel skuiling teen die wal en die toeriste kry primitiewe visstokkies en aas. Nico is die ster van die dag: hy vang die eerste piranha. Wat ’n geniepsige vissie met sy skerp tandjies! Daarna word nog ’n piranha en ’n paar ander vissies gevang. Op een of ander manier kry ons skipper (vlotter?) met aansienlike manlike hulp die vlot weer terug waar ons begin het en kan ons afklim, teen hierdie tyd aansienlik nat. Wat ’n verligting toe ons weer terug in die Lodge is! Ek slaap tot aandete en Ansa besoek ’n kruiedokter.

Ons staptog wat vir vroeg die volgende oggend beplan was, word gekanselleer as gevolg van die reën. Ons vertrek via die rivier en bus terug na die lughawe waar ’n groep van 60 Amerikaners wat vir twee weke saam vakansie gehou het en in die proses vreeslik lief vir mekaar geword het, saam met ons opklim. By Cusco klim ’n klomp af om hul vakansie te verleng. Dit is die langste, ergste en mees emosionele afskeid wat ek nog op ‘n vliegtuig of elders aanskou het. Die mense kry net nie afgeklim nie en bly aan mekaar klou. Selfs die afkondiging “will the Cusco passengers please get off immediately”, word geïgnoreer.

Daardie aand in Lima eet ons groep vir oulaas lekker saam in ’n restaurant wat glo van die beste kos in die stad aanbied. Die volgende dag vertrek ons na verskillende bestemmings, die meeste terug na Suid-Afrika. My groepie van vyf bly agter om Paracas, die Ballestas Eilande, Nazca lyne, Chauchilla pre-Inka mummiebegraafplaas, Ica en die Huacachina Oase te besoek en ook tyd in Lima deur te bring. Dit was ’n baie lekker vakansie.

(**Toergeselskap**: Nico en Elsa Combrink, Deon en Ryna du Plessis, Ansa du Toit, Marie Muller, Peter en Susan Pyke, Molly Smit, Das en Magdalena Steyn, Frances Taylor, Leana Uys, Rina van der Merwe, Suki van Niekerk, Jeanette Walker)

NEGE VROUENS VANG 'N RIBBOK !

Charlotte Augustyn

Nee nie regtig nie, maar nou dat ek jul aandag het… ons was nege vrouens wat so dapper was om met die eerste koue front van die winter (15-17 Mei) die Ribbok-staproete by Golden Gate te gaan aanpak. Ja, letterlik pak in 'n groot mate, want ons moes baie warm en reënklere inpak vir die brawe daad.

Ons groepie het bestaan uit: myself as die leier (dis 'n ander storie), Elmare, Sorita, Elana en Erika as lede. Rose Gardner en Coreen le Roux het aangesluit van Pretoria en Anthea van Wyk en Tillie Van Dyk as nie-lede.

Ons het Vrydagaand by die rugsakherberg in Clarens geslaap en Saterdag so net na 9 vm. begin stap. Die wolkies het gedreig, maar tog nie genoeg om nie te begin stap nie. Ons het egter net so 4 tot 5 km gevorder toe die eerste druppels begin val het. Dit het aan en af gereën. As ek terug gekyk het, het ek vir Anthea jammer gekry met 'n eerste stap en so 'n vuurdoop. Maar sy en Tillie was dapper (soms net bietjie bleek) en het net voortgegaan.

Nou ja, soos dit maar gaan met sommige leiers het ek die verkeerde paadjie gekies en danksy goeie kaartlesers soos Sorita en Elana het hulle my weer op die regte spoor gekry. Maar die geluk was dat ons ongeveer 1.5 km in die proses uitgesny het wat weens die reën goed was. Ek het natuurlik gesê dat ek met daardie doel die verkeerde pad geneem het!!

By die jeugsentrum het ons onderdak vir 'n wyle gerus en 'n laat middagete geniet. Na ek en Sorita die kaart weer bekyk het, het ons nog kortpaaie gesien na die hut toe en in die lig van baie dreigende wolke besluit dis nou die beste uitweg.

So ongeveer 2 km van die hut het dit begin hael en het ons met 'n baie vinnige pas die hut so 16h30 gehaal. Ons het om 'n vuurtjie gestaan en daar is niks soos sjerrie om die bloed en die gemoed weer reg te kry nie.

Die Sondag was die weer egter nog kouer en het die wind sterk gewaai.

Die algemene gevoel was: middagete en koffie in Clarens!! Sorita het op die kaart gemerk daar is 'n waterval so 3 km verder en vyf van ons het gou soontoe gestap terwyl Elmare en Elana die motors gaan haal het (met nog sjerrie).

Dit was ten spyte van die weer 'n heerlike naweek met 'n wonderlike gees tussen die stappers en lekker om weer in die berge te kom!!

† ANDRIES LATEGAN

Ek het 'n jong Andries in 1963 leer ken tydens 'n staptog van die Universiteit van Stellenbosch se Berg- en Toerklub. Hy het een aand tydens kampvuur tussen al die stuitige impromptu "opvoerings" 'n ernstige gedig met ongeveinsde dog beheersde emosie voorgedra. Die volgende keer wat ek hom gesien het, was op die silwerdoek as 'n konserwatiewe karakter in Jamie Uys se "Die professor en die prikkelpop". Later het ek hom regtig leer ken tydens die Afdeling Vrystaat se stap- en klim-aktiwiteite waar hy onder andere komiteelid, tesourier, voorsitter en uiteindelik tot sy dood visevoorsitter was. Sy intellektuele verstrooidheid gekombineer met breinstorms en borrelende entoesiasme het van hom 'n unieke persoonlikheid gemaak en vir menige interessante ervarings gesorg. 'n Uitstappie saam met Andries was nooit vervelig nie.

Andries was 'n sterk en begeesterde rotsklimmer wie se pogings af en toe effens skeefgeloop het. Die ergste was toe hy entoesiasme ontwikkel het vir nuwe rotsklimroetes teen die onstabiele wande van 'n uitgewerkte gruisgroef by Kloofeind naby Bloemfontein. Een Sondagoggend het Andries weer saam met 'n paar klublede daar gaan klim. Die uiteinde was dat Andries bewusteloos en met 'n gebreekte arm by ongevalle beland het: die hoogs onstabiele rotswand het meegegee en hy het kop eerste die grond getref. Tuis het 'n ver swanger Adèle met gaste vir middagete gewag dat hy moes opdaag. Andries was lank in 'n koma in Nasionale Hospitaal. Na die geboorte van Heidi, sy eersteling, is hy in 'n rolstoel na die hospitaal se kraaminrigting geneem waar diep, ewige, onvoorwaardelike en begeesterde vaderliefde dadelik ingeskop het. Hy is na 'n paar maande finaal ontslaan nadat komplikasies na sy eerste ontslag ingetree het.

Om van al ons avonture met 'n entoesiastiese Andries te vertel, sal 'n boek verg. Hy het net vir sy dogtertjie gewag om mooi flink te stap toe neem hy haar berge toe. So het hy 'n nuwe afseiltegniek met Heidi as proefkonyn getoets. Hy was so vas oortuig dat dit onfeilbaar gaan wees want dit het goed gewerk toe hy dit self gedoen het. Sy het darem vir haar pa lief gebly.



Andries en Heidi

As leier het hy na my wete nooit met sy groepe verdwaal nie selfs al was dit onbekende terrein. Hy het hom net soms, soos die meeste leiers, misgis met die lengte, omvang en beperkings van uitstappies. Daar was in die dae voor selfone 'n reddingshelikopter na die diep Ghotswane rotskloof gestuur toe sy geselskap 'n dag laat was. Die groep was veels te groot vir die doel van die uitstappie naamlik om almal met 'n tou in 'n rotsagtige kloof af te seil. Ek dink tussen die steil rotswande waarin hulle hul bevind het, sou selfone in elk geval nie gewerk het nie.

Sy liefde vir die natuur was grensloos. Een keer het hy agter geloop en die groep het lank vir hom gewag: hy het 'n indringerboom raakgesien en dit met sy mes ontbas. Hy was die groen gedagte jare vooruit.

Stap en klim in die berge sou valer sonder so 'n besonderse mens gewees het. Die manier waarop hy uiteindelik sy lot dapper en sonder 'n gemor aanvaar en steeds die tyd wat vir hom oorgebly het met lewensvreugde benut het, het almal beïndruk.

Ons gaan Andries mis. Wanneer dit eendag dalk gebeur dat ek soos Andries 'n tyd lank en met vaste wete my einde moet inwag, hoop ek om dit soos hy te doen: moedig, rustig, sonder om te kla en in volkome vrede. "Alles het 'n raklewe" het hy vir Bertha gesê, "en die einde van my raklewe het aangebreek."

† LALIE BEUKES

Lalie Beukes, een van die afdeling se vroeë lede, is in Junie oorlede. Sy was toe al geruime tyd nie meer lid van die Bergklub nie maar sy het nietemin 'n belangrike rol in die Afdeling se geskiedenis gespeel: Lalie was in die beginjare van die Afdeling Vrystaat ons eerste en tot dusver enigste damesvoorsitter. Sy was ook sekretaresse. Lalie was die suster van die skrywer Gerhard Beukes en Gerhard Beukes, die bekende argitek, was haar kleinneef.

BERGKLIMFINANSIES IN DIE GOEIE OU DAE

Hier volg ongedateerde riglyne (*moet iewers uit die laat-vyftigerjare kom*) vir gedeelde vervoer in die beginjare van die klub toe ons nog bekend was as die O.V.S. en Basoetoland Afdeling:

GEBRUIK VAN MOTORS

Om te verseker dat eienaars van motors in hierdie duur tye nie te veel skade ly nie, en om te verseker dat alle lede dieselfde betaal per uitstappie is op die volgende besluit (Die laaste punt sê dit alles!):

1. Dat alle passasiers in die motor betaal en dat die bestuurder nie bygereken word as die koste per rit uitgewerk word nie.

2. Dat 'n ¾ pennie per myl *(=1.6 km – red.)* per persoon (d.w.s. passasiers) gevra sal word, ongeag die grootte van die groep.

3. So sal die koste van vervoer per persoon vir 'n naweek vooruit bereken word.

4. Op baie lang ritte sal daar dan genoeg geld vir die eienaar oor wees om moontlik die motor te laat smeer by terugkeer.

5. Daar word gehoop dat lede met motors met hierdie reëling tevrede sal wees daar dit meer in verhouding is met hoë koste vandag, en dat lede wat vervoer gebruik, sal verstaan dat, alhoewel dit kostes effens hoër maak, dit tog binne die perke van redelikheid geskied en die vervoerkoste per persoon per naweek nog minimaal bly.

6. So sal 'n naweek se vervoer na Thaba 'Nchu op 40 myl gereken ¾ x 40 pennie per persoon wees. 5/- *(= sjielings, 50c vandag – red.*) is dan ook nie veel meer as wat gewoonlik per persoon in die verlede gevra is nie.

7. Sou die bestuurder voel dat nadat alle kostes betaal is hy geld oorhou waarop hy nie geregtig is nie, staan dit hom altyd vry om 'n bydrae tot klubfondse te maak!

Jaarlikse Dinee 2010

Soos baie van julle sal weet, is dit ‘n Bergklub-tradisie om jaarliks ‘n nasionale dinee aan te bied. Die verskillende Afdelings maak beurte om die aanbieding te hanteer. Buiten dat daar ‘n spesiale spreker optree (wat natuurlik oor bergklim handel), word hierdie geleentheid ook gebruik om nasionale toekennings te oorhandig.

Ons Afdeling het die verantwoordelikheid aanvaar vir die 2010 dinee (nadat ons laas in 1999 een aangebied het). Dit vind op **15 Mei** in Bloemfontein plaas. Dis ‘n prestige geleentheid om nie mis te loop nie. Teken solank die datum aan.

SNIPPETS FROM MCSA NEWSLETTER

BLOOD OXYGEN LEVELS ON EVEREST

During March 2008 the Caudwell Xtreme Biology Study kicked off on Everest, being the largest human biology study ever performed at high altitude. Over 200 volunteers were studied by ± 60 doctors and scientists, aiming to make links between the human body at its limits during critical illness and the changes that occur to people at high altitude.

The team set up laboratories at Base Camp (5300m), the Western Cwm (7950m), did some experiments on the South Col (7950m) and took blood samples at 8400m.

Parallel studies will be done on a genetic study of Tibetans who have lived in high altitudes for thousands of years. Another project will expose 1000 fit young men to low levels of oxygen to determine how their bodies would cope with conditions similar to those on Mount Everest.

The effect of fear on performance will also be studied. Fear or anxiety actually leads to an increase in adrenalin production in most people which then increases the speed of emotional, physical and mental responses. It makes people think faster which is advantageous in critical situations.

The findings will be used to improve intensive care treatment of a number of life-threatening conditions.

Four British medical researchers took their own blood samples just below the summit of Everest at 8400m and found their blood oxygen levels were the lowest ever recorded, well below levels that would normally be lethal on the ground.

MORE SOUTH AFRICANS ON EVEREST

On 23 May 2009 Robby Kojetin (31), who broke bones in both his feet in a fall while training to conquer Mt Everest, became the 17th South African to summit the world's highest peak. His climbing companion, John Black, reached the summit shortly before him as part of a separate team. Kojetin undertook the climb to raise awareness of lymphoma (lymph cancer) and funds for the CHOC Childhood Cancer Foundation SA, naming it his 'Climb of Hope'.

EVEREST RECORD

Appa Sherpa set a new record on 21 May 2009 for the most ascents of Everest: **nineteen!**

BERGWATCH

Bergwatch, needs members to sign up with them to enable them to carry credibility with authorities and structures that have an influence on the future of the Drakensberg and its approaches. There is no fee payable, just a commitment of support.

How to sign up? Just send an e mail to Bergwatch@gmail.com cc'd to tcjonker@mweb.co.za with your name, email address and contact telephone number (if you wish).

NUWE LEDE

Rose Gardner van Pretoria is ons nuutste lid. Ons het haar leer ken toe sy op Charlotte se toer na Rusland wat die suksesvolle klim van Elbrus

ingesluit het, gereël het en toe sommer ook saamgeklim het. Rose is tans betrokke by **Dreamworld Adventures** wat avontuurtoere aanbied. Die maatskappy onderneem onder andere toere na Rusland met Elbrus as mikpunt. Kontak Rose by 0829745584 of rose.gardner@vodamail.co.za vir verdere inligting.

NASIONALE BERGKAMP 2012

Nadat ons Afdeling gesoebat is, het die bestuur ingestem om weer ‘n nasionale bergkamp (Minikamp) in 2012 aan te bied. Julle sal onthou dat ons in April 2005 so ‘n kamp by Wartrail in die Noordoos Kaapse berge aangebied het. Ons het ook een in die berge van QwaQwa in 1999 aangebied.

Daar was blykbaar versoeke uit die noordelike Afdelings van die klub dat ons weer so kamp in QwaQwa moet aanbied. Alhoewel ons tans bietjie min ervare leiers oor het om so ’n groot onderneming aan te pak, gaan ons dit wel doen. Ons sal egter baie afhanklik wees van ons ervare leiers. Ons sal weer oor die volgende twee jaar die gebied moet verken om voor te berei. Derek sal weer die proses dryf en die koördinering doen.

Uitsig oor die berge van Qwaqwa

PROBLEME BY ORRELPYPE

Skynbaar ondervind kampeerders deesdae probleme met pogings tot diefstal in die Orrelpype gebied.

Wees gewaarsku om niks buite die tente te los wanneer julle inkruip nie. Die kwaaddoeners probeer selfs binne die tente toegang kry. Skop ‘n groot geraas op wanneer julle onraad vermoed. Dit help glo.

BOEKEHOEKIE

Finch, George Ingle. ***The struggle for Everest***; ed. By George Rodway.

Finch was ‘n lid van die 1922 British Mount Everest Expedition. Hierdie is die eerste Engelse uitgawe van sy weergawe met uittreksels uit sy dagboek en ’n inleidende agtergrond oor sy lewe en tyd.

MacFarlane, Robert. ***The wild places***.

MacFarlane begeef hom in die onmoontlikste plekke. Gevaarlike weer en terreine skrik hom nie af nie. Hierdie boek was die 2007 Boardman Tasker Award wenner.

Tabor, James M. ***Forever on the mountain.***

Sewe jongmans was in 1967 tydens ‘n woeste Arktiese storm teen Mount McKinley op 20 000 voet gestrand. Tien dae lank is niks gedoen om hulle te red nie en al sewe het gesterf. Hierdie boek is ‘n wenner van die Banff Book Festival Grand Prize, National Outdoor Book Award en is ‘n Barnes & Noble keuse.

Archer, Jeffrey. ***Paths of Glory***

Diegene wat van Jeffrey Archer se verhale hou, sal hierdie historiese roman oor George Mallory en sy droom om die eerste mens te word wat die kruin van Everest bestyg het, geniet. Mallory het in 1924 met sy derde poging om Everest te klim, verdwyn en sy lyk is eers baie jare later opgespoor sonder dat die raaisel of hy die kruin bereik het, ooit opgelos is. Archer is ’n fiksieskrywer van formaat en het ’n geloofwaardige lekkerlees-verhaal oor George Mallory die lig laat sien.